Woodoc 55 Spesifikasieblad

Tipiese Aanwending:
Vir buitenshuise gebruik waar 'n getinte, buitenshuise glansverseëlaar verlang word. Bied UV-beskerming en is waterwerend. Dit word veral gebruik op seiljagte, bote en alle buitenshuise houtwerk wat aan strawwe weersomstandighede blootgestel word. **Nie geskik vir gebruik op harde, digte houtdekke nie.**

Produkeienskappe:
Woodoc 55 is 'n getinte, buitenshuise glansverseëlaar met UV-absorbeerders en bygevoegde deurskynende ysteroksiede om hout teen fel sonlig te beskerm.

- Uitstekende beskerming teen wind, water, besoedeling en soutsproei.
- Bevat 'n spesiale alkiedbasis wat buigsaam bly en krake op die oppervlak as gevolg van temperatuurwisseling, voorkom.
- Ekstra beskerming teen ultra-violetbestraling onder uiterste toestande.
- Hoë-opbou eienskap vir 'n gladde glansoppervlak.
- Beskikbaar in drie tinte: Meranti, Roesbruin, Donkerbruin.
- Geskik vir alle houtsoorte.
- Nie-giftig wanneer droog.
- Beïnvloed nie lym nie.
- Dring hout diep binne om dit te voed.
- Vergaan aan die einde van lewensiklus.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

Nr: WD55/002
Gedateer: 02/11/11
Naam: Woodoc 55 – Buitenshuise Glans Verseëlaar (Meranti / Donkerbruin / Roesbruin)
Beskrywing:
Diep penetrerende, getinte glansafwerking met UV-beskerming en waterwerende eienskappe, vir buitenshuise gebruik.
Dekking:
Eerste laag 10-12 m^2/liter. Daaropvolgende lae 12-14 m^2/liter. 3 lae (gemiddeld) 3,3 m^2/liter.
Aanwending: Met verfkwas. Maak kwas met minerale terpentyn skoon.
Verdunning:
Verdunning word nie aanbeveel nie, maar indien nodig, gebruik slegs minerale terpentyn.
Drogingstyd:
Droging sal varieer, afhangende van vog en atmosferiese toestande.
Produkeienskappe:
Getinte, buitenshuise, hoë-opbou glanshoutverseëlaar. Formaldehiedvry.
Wasinhoud: Geen.
Verenigbaarheid: Minerale Terpentyn.
Onverenigbaarheid:
Asetoon, Lakverdunner, Benseen en ander oplosmiddels.
Verpakking:
500 ml, 1 liter en 5 liter. (20 of 200 liter op versoek by handelaar beskikbaar)

LEES ALTYD DIE AANWYSINGS OP DIE BLIK VOOR AANWENDING.
VLAMBAAR. Hou buite bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak.
BELANGRIK: Hierdie produk word hard indien dit met suurstof in aanraking kon. Maak blik na gebruik goed toe om beter te bewaar.

Woodoc
FOOD FOR WOOD

Vervaardig en bemark deur:
Rekara Mills (Edms.) Bpk.
Posbus 16, Fort Beaufort, 5720, Suid-Afrika
Tel. +2746 645 1109 Faks +2746 645 1538